

10

KERKGESKIEDENIS

Ons gesin se geskiedenis in die Kerk

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet wat God se plan met elkeen van hulle in sy kerk en sy koninkryk is.

SPEKIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- hoe hul ouers deel van die Kerk geword het.
- waar en wanneer hul ouers gedoop is.
- wat dit beteken om belydende lidmate van die Kerk te wees.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat hul ouers hulle 'n kerklike opvoeding gee.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om hul geloof met woord en daad uit te leef.

MEER INLIGTING (Genesis 15; Johannes 3: 16; Handeling 7: 54 – 8: 3; 9)

God het van die begin af gewys dat Hy in 'n besondere verhouding met die mens wil wees. In Genesis 1 lees ons dat God mense geskep het om sy verteenwoordigers hier op aarde te wees. Hulle is na die beeld van God geskape en kry opdrag om oor alles wat God geskep het, te heers. As hierdie verhouding tussen God en mens deur mense se toedoen verongeluk, is dit God wat elke keer op 'n wonderbaarlike wyse toetree en opnuut 'n verbintenis met die mens begin.

Die geskiedenis van Abraham is vir ons belangrik omdat God met Abraham 'n verbond sluit waarin Hy sy seën en liefde aan sy toekomstige volk belowe. Die teken van hierdie verbond was die besnydenis. Die besnydenis word die teken wat die volk sou herinner aan die feit dat God in 'n spesiale verhouding met hulle wou staan.

Die geskiedenis van Israel is vol vertellinge van hoe die volk ontrou aan God was en selfs ook onder hul konings se leiding tot baie laagtepunte in hul verhouding met God gedaal het. Tog het God deurentyd gewys dat Hy 'n God van liefde is en die volk op verskillende maniere na Hom toe teruglei. God openbaar Homself as 'n God wat getrou is en altyd bemoeienis met mense maak.

In die Nuwe Testament lees ons hoe God sy Seun, Jesus Christus, 'n mens laat word om in die plek van sondige mense God se straf te dra. Jesus sterf in ons plek aan die kruis. So word ons deur God vrygemaak van sy oordeel. Ons word weer sy eiendom. Nou behoort ons aan God se nuwe volk, die kerk. Toe Jesus met sy openbare optrede begin, roep Hy dissipels om sy volgelinge te wees. Weer eens wys God hoe Hy persoonlik bemoeienis met mense maak en hoe Hy gewone mense roep om sy liefde en genade in hierdie wêreld uit te dra. Saam met die dissipels het Jesus ook ander volgelinge gehad. Onder hulle was gewone mans en vroue.

In die Nuwe Testament word die doop die nuwe teken van God se nuwe verbond. Die doop is die teken of die simbool wat wys dat ons in Jesus Christus vergifnis van ons sondes ontvang. Dit herinner ons aan die besondere band van liefde wat God met ons het. Die doop word aanvanklik bedien aan mense wat tot bekering gekom het, en later in die kerk se geskiedenis aan almal wat deur geloof aan die kerk verbind is. Op grond van die ouers se geloof word klein kindertjies ook gedoop. God beloof dat Hy ook hierdie kinders as sy eie aanneem en versorg. Ouers maak die belofte dat hulle hul kinders sal leer dat hulle gedoop is en daarom aan God behoort. Ouers onderneem om hul kinders van God te leer. Die belangrikste manier waarop hulle hul kinders leer, is die voorbeeld wat hulle stel. Hulle laat katekiseer hul kinders en bring hulle gereeld erediens toe.

Reeds as babas word ons dooplidmate van die Kerk. Voor ons doop het ons geskiedenis alreeds met God begin – Hy sê: *Ek het jou alreeds voor jou geboorte op jou naam geroep*. Met ons doop word dit net bevestig, en begin ons geskiedenis net op 'n sigbare manier in die kerk van Christus. God roep ons ook op om deel te wees en te bly van die ware kerk. Ek kan nie 'n Christen op my eie wees nie, ek moet deel wees van die gemeenskap van gelowiges. Ek is 'n *ledemaat* van die liggaam van Christus, en só lidmaat van die gemeente en die Kerk.

Een van die treffendste verhale in die Bybel van hoe God mense persoonlik aanraak, is die verhaal van hoe Paulus tot bekering gekom het. Paulus was eers as Saulus bekend en was 'n Fariseër wat 'n fanatiesse vervolger van die Christene was. Hy het die vermoë gehad om mense wat in Jesus geglo het op te spoor, en het dan tevrede toegekyk hoe hulle deur die Joodse Raad gestraf of doodgemaak is. So was Paulus teenwoordig op die dag toe Stefanus, die eerste diaken, met klippe doodgegooi is. Op pad na Damaskus waar hy Christene wou opspoor en gevange neem, het God aan hom verskyn en sy hele lewe verander. Hy word 'n getuie vir Jesus en het die evangelie sonder enige huiwering verkondig. Hy word geslaan, in die tronk gegooi en verloor 'n paar keer byna sy lewe, maar dit alles spoor hom net meer aan om 'n getuie van God se liefde in Jesus Christus te wees. Paulus word die stigter van vele gemeentes na Christus se hemelvaart.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Reël met een van die ouers om met gebed te open.

KOM ONS BEGIN

Open met Skriflesing uit 1 Korintiërs 12: 12-14 en 27-28, en laat die ouer met wie gereël is, open met gebed.

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel wat hulle saam met hul ouers en onder hul toesig in die gemeenskap gedoen het om te bewys dat hulle 'n verskil kan maak.
- Kontroleer of hulle die eienskappe ken van die eerste gemeente, wat ook by ons gemeente gesien behoort te word.
 - Bymekaar kom (erediens, kategese, Bybelstudie, ensovoorts);
 - luister na God se Woord;
 - doop bedien;
 - Nagmaal vier;
 - saam bid; en
 - barmhartigheidsdiens lewer.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons gemeente bestaan uit mense; party is deel van gesinne en ander nie. Elkeen van ons het ons eie geskiedenis in die Kerk. Vandag gaan ons met mekaar gesels oor hoe ons en ons gesinne deel van die kerk van Christus geword het en steeds is.

IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING hierbo en hou dit aan die kinders voor. Lê klem op die volgende:

- God kies vir Abraham en maak 'n verbond of ooreenkoms met hom.
- Dié verbond het 'n teken – die besnydenis.
- God se volk was ongehoorsaam, en daarom besluit Hy op 'n nuwe verbond of ooreenkoms.
- Die nuwe verbond begin aan die kruis van Golgota toe Jesus ons deur sy bloed verlos van sonde.
- Jesus gee opdrag dat almal wat in Hom glo, gedoop moet word.
- Die doop is teken van God se nuwe verbond.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- God skep vir Adam en Eva, die eerste mense, om sy verteenwoordigers te wees.
- Adam en Eva was ongehoorsaam aan God.
- God kies uiteindelik vir Abraham om 'n nuwe volk te begin.
- God sluit 'n verbond met Abraham.
- God belowe vir Abraham dat alle volke deur hom geseën sal wees.
- Die teken hiervan is die besnydenis.
- Ook Abraham se nageslag was ongehoorsaam aan God.
- God begin van nuuts af en laat sy Seun mens word om vir ons ongehoorsaamheid te


sterf.

- Die doop is die teken vir hierdie nuwe daad of verbond van God.
- So word sigbaar bewys dat ons kinders van God is en sal bly.
- Nou weet ons wat God se plan met elkeen van ons in sy kerk en sy koninkryk is: om sy gehoorsame kinders te wees.
- Vir hierdie wonderlike voorreg moet ons lewende lidmate in God se kerk wees.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders en ouers die inligting waaroor hulle beskik in die diagramme hieronder in die kinders se boeke invul:

- Volle naam en van.
- Geboortedatum.
- In watter gemeente gedoop?
- In watter gemeente belydenis van geloof afgelê?
- Waar en wanneer is ek gedoop?



Ouers kan insette lewer oor die volgende:

- Waar, wanneer en hoe die doop van hul kind plaasgevind het.
- Watter waarde hulle nog altyd aan hul lidmaatskap geheg het.
- Wat die Kerk vir hulle beteken.

Verdeel die ouers en die kinders in twee verskillende groepe.

- Laat die ouers met mekaar in gesprek tree oor die ideale wat hulle vir hul kinders as gelowiges in die wêreld en in die Kerk het.
- Laat die kinders met mekaar gesels oor hoe hulle God se liefde deur hul betrokkenheid in die Kerk kan uitdra en sy gehoorsame kinders kan wees.
- Bring die twee groepe weer bymekaar en laat hulle terugvoer gee in die groot groep.

BY DIE HUIS

DOEN

Die ouers en kinders voer tuis 'n gesprek oor hoe hulle Jesus Christus sal bekendstel aan iemand wat nog nooit van Hom gehoor het nie. Die kinders maak aantekeninge oor hoe die gesprek behoort te verloop, en kom deel dit volgende week met die ander kinders in die klas.

LEER

Laat hulle die datums en feite vir die tydlyn in hul boeke gaan leer.

AFSLUITING

Sluit af met gebed. Vra een van die ouers of kinders wat bereid is om met gebed af te sluit, of doen dit self.